DIE EVANGELIE VAN LUKAS: 'N KORT OORSIG

Ons as gemeente is bevoorreg om oor 'n tydperk van 14 weke by Jesus se dissipelskapskool stil te staan (26 Julie tot 1 Nov). Tydens hierdie preekreeks sal daar gefokus word op die evangelie van Lukas, veral hoofstukke 9:51 tot 19:27. Ons wil graag met hierdie kort oorsig meer inligting oor die hele evangelie aan lidmate deurgee.

1. LUKAS AS PERSOON

Lukas was die enigste nie-Jood onder die vier evangeliste (Matteus, Markus, Johannes). Volgens Lukas 1:1-4 was hy self nie 'n ooggetuie van Jesus se lewe en werk nie, maar het hy ooggetuies se getuienisse gebruik. Hy is in Antiogië in Sirië gebore en was 'n mediese dokter en geliefde medewerker van Paulus (Kol 4:14; 2 Tim 4:11; Filem 24). Tydens Paulus se tweede sendingreis (waarskynlik by Troas) sluit Lukas by hom aan en reis meermale saam tot by sy finale gevangenskap in Rome (2 Tim 4:11). Lukas het waarskynlik sy mediese kennis tot voordeel van Paulus aangewend (Hand 16:10-13).

2. AAN WIE, WANNEER EN WAAR IS DIE BOEK GESKRYF?

Daar is 'n duidelike verskil tussen Matteus en Lukas. Die evangelie van Matteus is aan die gelowige Joodse gemeenskap gerig. Lukas is aan onbekende Christelike lesers met 'n sterk nie-Joodse agtergrond geskryf. Lukas ignoreer egter nie die Jode nie. Hy maak dit duidelik dat Christus in die eerste plek vir die Jode gepreek het (1:54; 1:72-73; 2:10), maar hy wys ook daarop dat die Jode hierdie evangelie verwerp het en daarom geoordeel sou word (13:22-30, 34-45; 19:39-44).

Die presiese datering van Lukas is onseker. Lukas het gebruik gemaak van Markus se evangelie, dit wil sê dit moes ná 65 nC ontstaan het. Geleerdes reken wel dat dit ná die val die tempel (70 nC) geskryf is en nie later as 85 nC nie. Lukas se taal en styl is dié van 'n geleerde Griek. Hy gebruik Markus as bron (evangelie wat eerste neergeskryf is), maar verbeter die taal en styl (vgl 8:4-8 met Mark 4:1-9). Die boek is moontlik in Sesarea (Israel), Rome (Italië) of in Antiogië (Sirië) geskryf.

3. SAMESTELLING EN STRUKTUUR VAN DIE BOEK

Die meeste geleerdes aanvaar dat Lukas-Handelinge 'n literêre eenheid vorm. Beide boeke is deur Lukas geskryf en opgedra aan Teofilus (1:1; Hand 1:1). Hy kan as die eerste geskiedskrywer in die kerk beskryf word. In sy voorwoord (1:1-4) sê hy baie duidelik dat hy betroubare bronne geraadpleeg het en die gebeure stap vir stap in die regte volgorde neergeskryf het. Antieke geskiedskrywing wil nie net feite oordra nie, maar skryf die geskiedenis uit 'n spesfieke perspektief. Om hierdie rede is daar verskille tussen Lukas se evangelie en die ander evangelies (vgl punt 4 en 5). Lukas is lief vir terugverwysings en vooruitverwysings om sy lesers te help om die groter samehang van sy vertelling te verstaan. Lukas het sy taal (Grieks) goed beheer en sy evangelie kan as 'n goeie literêre werk beskryf word.

Die stad Jerusalem speel 'n belangrike rol in Lukas. Die verhaal van Jesus as kind begin in die tempel en as volwassene eindig sy aardse bestaan ook daar. Jerusalem was nie net die plek waar die tempel van God gestaan het nie; dit was ook die plek waar Jesus se sterwe moes plaasvind.

Geleerdes verskil oor die verdeling van die boek, maar ’n moontlike breë verdeling is soos volg:

- 1:1-4: Inleiding
- 1:5-2:52: Geboorte en kinderjare van Jesus
- 3:1-4:13: Voorbereiding vir Jesus se bediening
- 4:14-9:50: Jesus se bediening in die provinsie Galilea
- 9:51-19:28: Jesus se reisverhaal op pad na Jerusalem en die onderrig van die dissipels
- 20:1-21:38: Jesus se onderrig in die tempel
- 22:1-23:56: Jesus se lyding en dood
- 24:1-53: Jesus se opstanding en verhoging

3.1 Jesus se reisverhaal (9:51-19:28)

Tydens die preekreeks gaan ons op Luk 9:51-19:27 fokus. In hierdie hoofstukke kry ons die sogenaamde “reisverhaal” waar Jesus se laaste reis na Jerusalem uitgebeeld word voordat Hy sou sterf. Hierdie deel bevat min wonderwerke, maar baie gelykenisse. Die beskrywing van sy reis as “vasbeslote” (Luk 9:51) toon aan dat Hy doelgerig op pad was met die wete dat sy kruisiging en ’n totale nuwe bedeling in sy bediening voorlê. Lukas beeld vir ons die reis uit as ’n laaste voorbereiding van die dissipels vir hierdie nuwe bedeling. Hulle laaste kursus in dissipelskap word gegee op pad van Galilea na Jerusalem.

Dit val op dat Jesus se dringendheid Hom nie haastiger of besiger maak nie. Inteendeel, dit is asof Hy rustiger en meer intens in gesprekke betrokke raak by die kleiner groep volgelinge om Hom. Die reis van Galilea na Jerusalem sou onder normale omstandighede slegs 3-5 dae te voet neem. Hulle neem egter ooglopend baie langer om die afstand af te lê. Daar is groter fokus, maar Hy pas nie druk op hulle toe om vir oulaas iets in hulle koppe te kry nie. Hy gee meer persoonlike aandag aan hulle. Die verhale en gesprekke berei hulle voor om as sy navolgers voor te gaan in die kerk. Hy doen dit in vyandelike gebied (Samaria), wat op ’n manier simbolies is vir die plek waar mense tot vandag dissipels moet wees.

4. DOEL EN BOODSKAP VAN DIE BOEK

Die *doel* van Lukas evangelie is om die lesers te oortuig dat God in Jesus Christus ’n verlossingsplan het en hy roep hulle op tot geloofsvolharding en getuienis in diens van God se koninkryk. Die volgende teologiese temas en kenmerke kom telkens in die evangelie voor:

4.1 Fokus op die hele wêreld

Lukas plaas sy verhaal in die raamwerk van die breë wêreldgeskiedenis. Sy stamboom van Jesus gaan terug tot by Adam, die vader van die hele mensdom (3:23-38) terwyl Matteus se stamboom eers by Abraham begin (Matt 1:1-17). Hy meld duidelik wie die Romeinse goewerneurs was tydens Jesus se geboorte (2:1) en bediening (3:1). Jesus stuur nie net 12 dissipels uit nie, dit wil sê een uit elke stam van Israel. Volgens Lukas 10 stuur Jesus ook 70 dissipels uit, dit wil sê een uit elke volk op aarde (vgl Gen 10 se lys van 70 volke). Lukas verleen besondere aandag aan die Samaritane (10:13, 18) en is die enigste evangelis wat later voortgaan om die uitbreiding van die evangelie in die wêreld te beskryf (vgl boek Handelinge). Lukas beklemtoon dat die evangelie van Christus vir die hele wêreld bedoel is.

Alhoewel Lukas se fokus die hele wêreld is, is die individu ook vir hom belangrik. Hy rig sy evangelie aan ’n individu met die naam Teofilus en doen verslag oor die manier waarop

Jesus aandag skenk aan enkelinge soos in die gelykenis van die drie verlore dinge (muntstuk, skaap en seun). Hierdie drie gelykenisse kom net in Lukas se evangelie voor.

4.2 Die rol van randfigure in die samelewing

Lukas doen besondere moeite om uit te reik na die randfigure in die samelewing - meer as enigeen van die ander evangelies:

- *Armes*: Die armes word nie beskou as hulle wat net minder besit as die rykes nie, maar hulle wat aan basiese bestaansmiddele gebrek ly. Een belangrike voorbeeld is die vertaling van die saligsprekinge. Matteus 5:3 praat van "armes van gees" (1933/53 AV) terwyl Lukas letterlik na die armes verwys: "Geseënd is julle wat arm is" (6:12).
- *Vroue*: Lukas beklemtoon dat vroue 'n belangrike plek in die bediening van Jesus kry: Maria, die moeder van Jesus en Elisabet (hfst 1-2); die vroue wat van Galilea af saam met Jesus gegaan het (8:1-3) en aan die einde so naby Hom was (23:49, 55; 24:1); die sondares wat Jesus se voete salf (7:36); die twee susters Marta en Maria (10:38-42). In twee gelykenisse speel 'n vrou die hoofrol (15:8; 18:3). Lukas noem dertien vroue wat nie in die ander evangelies voorkom nie.
- *Kinders*: Hy is die enigste evangelis wat iets sê oor die kinderlewe van Jesus (2:41-52). Jesus word voorgestel as 'n mens wat 'n besondere plek vir kinders in sy hart het (7:12; 8:42; 9:38).
- *Sondaars*: Lukas beklemtoon die feit dat Jesus persoonlik na sondaars soos byvoorbeeld die tollenaas uitreik (5:27-32; 18:9-14; 19:1-10).

4.3 Verhouding tussen geloof, rykdom en armoede

Lukas is nie teen rykdom as sodanig nie, maar dat 'n mens jou vertroue in rykdom stel en nie in God nie. Hierdie waarheid word op verskillende maniere ingeskerp deur die gelykenisse van die ryk dwaas (12:13-21), die ryk man en Lasarus (16:19) en die goue muntstukke (19:11-27). Die eenvoudige herders op die oop veld is die bevoorregtes wat eerste die verlossingsboodskap hoor en hulle vind die Koning in 'n krip in armoede. Die opvatting van die waardes word omgekeer: die ware gelukkiges is hulle wat ryk is by God (12:21).

4.4 Gebed

Lukas bevat nege gebede van Jesus en sewe daarvan kom slegs in die Lukas-evangelie voor (1:10; 3:23; 5:16; 6:12; 6:9-18; 11:1; 18:1, 10, 11). Hy verbind die gebede met besondere keerpunte of gebeure in Jesus se lewe: sy doop; die kies van die twaalf dissipels; die verheerliking op die berg; die terugkeer van die 70 dissipels; die gebeure in Getsemane en aan die kruis. Die voorbeeld wat Jesus stel is dié van 'n lewe van gebed. Hy vra alles van sy Vader en leer ook sy dissipels om te bid.

4.5 Heilige Gees

Lukas beklemtoon meer as enige ander evangelis die rol van die Heilige Gees. Hy laat ons besef dat daar 'n noue band tussen Jesus en die Heilige Gees is. Die Gees wek die verwagting vir die koms van die Messias (1:41), neem besit van Sagaria sodat hy 'n loflied kan uitspreek (1:67) en vul die lewe van Simeon en Anna (2:25).

Deur die krag van die Heilige Gees gebeur die geboorte van Jesus (1:35). Jesus self is vol van die Heilige Gees (4:1), begin sy bediening in die krag van die Gees (4:14), verbly Hom in die Gees (10:21-22) en stel sodoende 'n voorbeeld aan sy dissipels. Vir sy dissipels is die Gees die krag om hulle roeping te gehoorsaam (24:49) en die Gees word geskenk aan

elkeen wat die Vader daarvoor bid (11:13). As Lukas sy verhaal in die boek Handelinge voortsit, fokus hy byvoorbeeld op die uitstorting van die Heilige Gees en wat daarna gebeur het (vgl Hand 2).

4.6 Lof en blydskap

Lukas beklemtoon dat blydskap en vreugde 'n reaksie op God se goeie nuus is. Daar is talle gedeeltes wat hierdie blydskap en lof uitlig: die engelekoor wat Jesus se geboorte aankondig (2:14); die lofliedere van Maria en Sagaria (1:46-55; 1:67-79); die 72 wat vol blydskap terugkeer (10:17); die blydskap oor verlore dinge wat gevind is en die verlore seun wat terugkeer (15:1-32). Die Lukas-evangelie eindig ook met blydskap en lof ná die hemelvaart van Jesus (24:41-52).

4.7 Dissipelskap

Lukas spandeer baie tyd om die verhouding tussen Jesus en sy dissipels te beskryf. Volgens Lukas is dissipelskap nie net uitstuur of sending ("mission") nie, maar ook vorming ("forming"). Dissipelskap is nie net beperk tot 'n een-een verhouding nie. Dissipelskap word in hierdie wêreld tussen ander mense uitgeleef. Jesus word as die groot voorbeeld of model vir dissipelskap voorgehou. Ons volg nie ander mense nie. Ons word opgeroep om Jesus onvoorwaardelik te volg, selfs al vra dit opoffering (5:27; 9:59).

5. HOE VERSKIL LUKAS VAN DIE ANDER EVANGELIES?

In bogenoemde bespreking is 'n paar verskille uitgelig, maar ons kan dit soos volg opsom:

- Verskil in ontstaanstyd: Markus (+-55-65 nC); Matteus (ná 70 nC); Lukas (ná 70 nC); Johannes (+- 90 nC).
- Verskil in lengte: Matteus (28 hfst); Markus (16 hfst); Lukas (24 hfst); Johannes (21 hfst).
- Die werk van die Heilige Gees, die rol van gebed en blydskap/lof word sterker beklemtoon.
- Groter klem op die randfigure in die samelewing (armes, vroue en kinders).
- Lukas gee die meeste inligting oor die geboortes van Johannes die Doper en Jesus Christus.
- Daar is talle bekende skrifgedeeltes wat uniek is aan Lukas, bv die loflied van Maria (1:46-56); die skaapwagters en engele (2:8-20); die kind Jesus by die tempel (2:41-52); die gelykenis van die barmhartige samaritaan (10:30-37); die gelykenis van die verlore seun (15:11-31); die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (18:9-14); Jesus en Saggeus (19:1-10); die woorde van Jesus aan die moordenaar op die kruis "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees" (23:43);

BRONNE

Algemene bronne in Afrikaans

Die evangelie van Lukas (1973); Verklarende Bybel (1989); Bybel in Praktyk (1993); Kom ons doen Bybelstdie 3 (Nuwe Testament) (1994); Woordwyser: 'n dag-tot-dag Bybelleesprogram (2001); Die Bybel A-Z (2003); Christelike Kernensiklopedie (2008).

Bronne vir die wat dieper wil delf

Handleiding by die Nuwe Testament Deel IV (1980); Discipleship in the New Testament (1985); Onlangse Lukas-kommentare in Engels: Morris (1988); Craddock (1990); Stein (1993); Bock (1994); Green (1997).

Danie O'Kennedy (Julie 2009)